


**7 Weke in die Tuin**
**Week 4: PLANT**
**Markus 4:26-32**

Ons leef in ’n wêreld waar hoogte, spoed en sigbaarheid dikwels as maatstawwe van sukses dien. Stede kompeteer met mekaar oor wie die hoogste geboue kan oprig. Prestasie word gemeet in getalle, volgelinge en impak. Selfs ons alledaagse gesprekke word gevorm deur ’n kultuur wat voortdurend vra: Wat is groter? Wat is vinniger? Wat is indrukwekkender?

Hierdie ingesteldheid raak nie net ons werk of ons sosiale lewe nie – dit raak ook ons geloofslewe. Ons kan maklik begin verwag dat God se koninkryk sigbaar en dramaties moet wees: dat dit moet meeding met die wêreld se groot projekte, dat dit onmiskenbaar moet wen, dat dit onmiddellik resultate moet toon.

Teen hierdie agtergrond klink Jesus se gelykenisse in Markus 4 amper ontstellend eenvoudig. In plaas van ’n indrukwekkende beeld, nooi Hy vir ons weereens na die tuin.

### *Die dissipels se verwagtinge – en Jesus se omkering*

Jesus se eerste hoorders het ook sekere verwagtinge gehad oor hoe God se koninkryk sou lyk. Baie het gehoop op ’n sigbare, politieke bevryding; op ’n koninkryk wat Rome sou oorwin en Israel se eer sou herstel. Grootheid, mag en triomf was deel van hul verbeelding.

Maar Jesus vertel van ’n man wat saad saai en dan gaan slaap. Hy vertel van ’n mosterdsaadjie wat klein en onbeduidend lyk. Hiermee skuif Hy die dissipels se fokus weg van skouspelagtige mag na stille groei. Die koninkryk kom nie met fanfare nie, maar met wagtyd. Dit begin nie in paleise nie, maar in grond.

### *Die slapende tuinier (Markus 4:26–29)*

In die eerste gelykenis hoor ons van ’n man wat saad op die land strooi. Daarna gaan hy huis toe. Hy slaap en staan op, dag na dag, terwyl die saad ontkiem en groei – “vanself”, soos Markus dit stel. Die Griekse woord wat hier gebruik word, is *automate* – dit wat outomaties, sonder menslike beheer, gebeur.

Hier lê die diep teologiese waarheid van die gelykenis: die groei van God se koninkryk berus nie op menslike inspanning of perfekte strategie nie. Die tuinier kan plant en later oes, maar die misterie van groei bly buite sy beheer. Hy kan dit nie forseer of versnel nie.

Vir ons, wat gewoond is aan beplanning en prestasie, voel dit ongemaklik. Ons wil weet hoe dinge werk. Ons wil die uitkomste kan bestuur. Maar Jesus nooi ons om te vertrou dat God reeds besig is – selfs wanneer ons net donker grond sien.

### *Die geheimsinnige grond*

Die aarde bring voort – eers die spruit, dan die aar, dan die volle graan in die aar. Groei gebeur in fases. Dit is organies en geleidelik. Dit kan nie versnel word deur angs of beheer nie.

Ons leef egter in ’n kultuur wat wagtyd as vermorsing beskou. Ons soek onmiddellike resultate. Wanneer ons dit nie sien nie, raak ons moedeloos of angstig. Tog herinner hierdie gelykenis ons dat baie van God se werk onder die oppervlak plaasvind.

Henri Nouwen verwoord dit treffend: "Our lives are at once utterly ordinary and deeply mysterious." Ons daaglikse bestaan mag gewoon lyk, maar onder die oppervlak is daar 'n misterie van genade wat besig is om vorm aan te neem.

### *Die mosterdsaad – 'n onwaarskynlike beeld (Markus 4:30–32)*

In die tweede gelykenis vergelyk Jesus die koninkryk met 'n mosterdsaadjie. Ons hoor dikwels net dat dit klein is, maar vir Jesus se eerste hoorders sou daar nóg iets opvallend gewees het: mosterd was nie 'n statige boom nie, maar 'n struik wat amper soos 'n onkruid gegroei het. Dit was nie die soort plant wat 'n ordentlike tuinier sou kies om doelbewus te kweek nie.

Tog kies Jesus juis hierdie beeld. Die koninkryk begin klein en lyk onindrukwekkend, maar dit groei tot iets wat ruimte maak vir ander. Dit is nie majestueus soos die sederbome van die Ou Testament nie; dit is wild en oorgroei die area waar dit geplant word.

Hiermee wys Jesus dat God se werk dikwels buite ons verwagtinge plaasvind. Wat ons as gering of onooglik beskou, kan juis die draer van nuwe lewe wees.

### *Die voëls in die takke*

Jesus voeg by dat die voëls in die takke kom nesmaak. Vir sy Joodse gehoor sou dit herinner het aan Ou-Testamentiese beelde waar groot bome skuiling bied aan nasies. Maar hier is dit nie 'n magtige seder nie – dit is 'n mosterdstruik.

Voëls was ook vir boere nie altyd 'n romantiese beeld nie: hulle kon oes beskadig en sade wegpik. Tog is daar in hierdie gelykenis geen voëlverskrikker nie. Die koninkryk sluit nie uit nie; dit bied skuiling. Selfs dit wat as lastig of onverwags beleef word, vind plek in God se tuin.

Dit wys vir ons dat God se koninkryk ruimer is as ons gemaksones. Dit breek ons netjiese grense oop en nooi ons om ook gasvry te wees.

### *'n Verborge lewe*

In die roman *This is Happiness* deur Niall Williams word die verhaal vertel van 'n klein, byna vergete dorpie waar die grootste en mees diepgaande veranderinge nie dramaties is nie, maar stadig en stil plaasvind.

Net so herinner *Middlemarch* deur George Eliot vir ons daaraan dat die positiewe dinge wat groei in die wêreld afhanklik is van "onhistoric acts" – goeie dade wat nie in geskiedenisboeke opgeteken word nie.

Sy skryf: "…the growing good of the world is partly dependent on unhistoric acts; and that things are not so ill with you and me as they might have been, is half owing to the number who lived faithfully a hidden life, and rest in unvisited tombs."

Dieselfde gedagte word verbeeld in *A Hidden Life* deur Terrence Malick, wat die verhaal vertel van Franz Jägerstätter – 'n eenvoudige boer wie se stille getrouheid en verset teen die Nazi-regime groter betekenis gehad het as wat hy ooit kon sien.

### *Om te plant*

Om te plant beteken dat ons getrou bly, selfs wanneer ons nie onmiddellike resultate sien nie. Dit beteken dat ons ons werk doen en die groei aan God oorlaat. Dit beteken dat ons leer rus in die wete dat God ondergronds werk.

In 'n wêreld wat sigbaarheid met waarde verwar, word ons geroep om mense te wees wat plant. Om klein dade van liefde te verrig. Om gehoorsaam te wees in die gewone. Om wagtyd nie as mislukking te sien nie, maar as deel van God se ritme.

### *Vir gesprek en nadenke*

- Hoe beïnvloed ons kultuur se klem op spoed en sukses jou verwagtinge van God?
- Waar in jou lewe beleef jy tans wagtyd – en hoe kan jy dit met vertroue leef?
- Watter "klein" dade van getrouheid in jou lewe kan dalk deel wees van God se groter werk?
- Hoe nooi God jou om ruimte te maak vir ander in jou "tuin"?

Ons plant.
Ons wag.
Ons vertrou.

En ons glo dat God, op sy tyd en op sy manier, die groei gee.